VKO/ECD CURRICULA (Vroeë Kindontwikkeling)

Omdat die ontwikkeling van die jong kind vanaf geboorte tot op 5-jarige ouderdom so ongelooflik belangrik is, beteken dit dat die kind in sy **totaliteit** moet ontwikkel.

'n Curriculum moet dus op al ses ontwikkelingsvlakke gemik wees. Dit is ook belangrik dat alle Dagsorgsentrums ag moet slaan op die Nasionale standaarde. Ons praat hier van *NELDS – National Early Learning Development Standards* en *NCF – National Curriculum Framework for ECD.*

'n Curriculum of die program vir VKO sluit kinders se ervaringe in hul spesifieke omstandighede in. Wat kinders voel, doen, hoor en sien ens moet ontwikkel word want kinders leer slegs indien al die sintuie betrek word.

Wanneer ons 'n curriculum wil kies of self wil saamstel moet daar gelet word op die volgende;

- Opvoeders en versorgers moet kinders soms ontwikkel deur **BEPLANDE** aktiwiteite
- Kinders moet egter ook ervaar en leer tydens **ONBEWUSTELIKE LEERMOMENTE** (*teachable moments*) wat deur spel geskep word
- 'n Goeie curriculum moet ook aktiwiteite insluit wat kinders **SELF INISIEER OF DEUR SPEL SKEP** (child-initiated) om sin in die wêreld om hulle te maak.

As ons praat van 'n curriculum moet daar onthou word dat ons nie 'n dieselfde curriculum vir al die ouderdomsgroepe kan gebruik nie. Kinders in verskillende fases van hul lewe het verskillende behoeftes.

Die fases waarin kinders ontwikkel en in 'n curriculums aangepas behoort te word is:

- Geboorte tot 18 maande
- 18 maande tot 36 maande
- 3 - 4 Jaar
- 4 - 5 Jaar (pre-graad R)

Die **leerareas (ELDA - Early Learning and Development Area)** waarna gekyk behoort te word is:

1. Die wel-wese (*well being*) van die kind in die verskillende ontwikkelingsfases wat insluit veiligheid, gesondheid en gesonde voeding.
2. Identiteit en behoort (belong): selfbeeld, diversiteit en beheer van gedrag
3. Kommunikasie – sosiale ontwikkeling
4. Ontdekking van wiskundige konsepte wat die herkenning van patrone en vorms insluit
5. Kreatiwiteit om probleme op te los
6. Kennis en ‘n verstaan van die wêreld om hulle

Indien daar ‘n keuse gemaak moet word oor watter tipe curriculum gebruik moet word, sal die volgende riglyne help:

- Sluit die curriculum al die leerareas soos hierbo uiteengesit in?
- Is die curruculum bekostigbaar ?
- Bied die curriculum ondersteuning aan die personeel wat dit gaan gebruik ?
- Word die curriculum afgebreek in die verskillende ouderdomsfases soos hierbo uiteengesit ?
- Die curriculum moet gebasseer word op ‘n holistiese benadering tot die kind se ontwikkeling
- Kry die kind geleentheid om self besluite te kan maak en kreatief te dink ?
- Kry kinders die geleentheid om saam met ander te werk ?
- Leer die kinders deur die curriculum ‘n sin vir verantwoordelikheid aan ?
- Word kinders geleer om effektief te kan kommunikeer al is dit dmv simbole (bv McDonalds, KFC)
- Bied die curriculum die kind die geleentheid om wetenskap en tegnologie te kan gebruik of te ontdek ?